TYDSDUUR: 60 minute

CONQUESTA is 'n lid van ASTEMI SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION OLYMPIADS & COMPETITIONS

© Kopiereg

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

Vraestelle moet in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studente nommer terug-gestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saam in volgorde gehou word. Dankie.

Lewensvaardighede 1 *(Persoonlike en Sosial Welsyn & L.O.)* – Graad 3

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)
Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

Voorbeeld: **Ek borsel my .... twee maal per dag**	(a) tone	(b) sleutels	(c) tande	(d) bed

Lees die teks onder en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 6.

Dit was 'n koue dag en ek het gedink ek
sou vir Mamma 'n koppie koffie maak …
maar dinge het verkeerd gegaan!
Ek het my hand met kookwater verbrand.

1.	**As jy met kookwater brand, moet jy ..... .**	(a) botter op die wond sit	(b) die wond onder lopende, koue water hou	(c) 'n kombers om die wond draai	(d) die brand probeer afskraap
2.	**Moet jy 'n volwassene roep indien jy verbrand het?**	(a) Nee	(b) Soms	(c) Net indien jy erg verbrand het	(d) Ja
3.	**Nadat jy jou hand onder water geplaas het, moet jy ..... .**	(a) jou hand met 'n sponsie was	(b) jou hand met seep skrop	(c) jou hand saggies afdroog	(d) jou hand nat hou

4.	**Moet jy die blasie stukkend druk?**	(a) Ja, jy moet dit laat bars as dit groter word.	(b) Nee, laat dit self gesond word.	(c) Nee, jy moet dit druk.	(d) Ja, sny die blasie stukkend.
5.	*Jy kry verskillende tipe brande.* **Watter een is ***nie*** korrek ***nie***?**	(a) elektriese brande	(b) hitte brande	(c) pot brande	(d) chemiese brande
6.	**Vriesbrand is 'n tipe ..... .**	(a) koue brand	(b) warm brand	(c) matbrand	(d) sonbrand

Lees die teks onder en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 7 – 10.

As jy iets verkeerd doen of iemand se gevoelens seer maak, moet jy sê dat jy jammer is.

7.	**Om te sê jy is jammer:**	(a) apostel	(b) traner[illegible]	(c) [illegible]erskoning vra	(d) hartseer
8.	**Wanneer sal 'n goeie tyd wees om te sê jy is jammer?**	(a) Wanneer jy koek kry om te eet	(b) [illegible]anneer jy ier[illegible]and op die speelgrond omstamp.	(c) Wanneer iemand aan jou liggaam vat.	(d) Wanneer jy 'n goeie spel krieket gespeel het.
9.	*Jy breek 'n venster.* **Wat moet jy ***nie*** doen ***nie***?**	(a) Weghard-loop voor iemand jou vang.	(b) Aanbied om met jou sakgeld vir die skade te betaal.	(c) Besluit om sokker vêr van die venster af te speel.	(d) Verskoning vra vir die eienaar van die venster.
10.	**Hoe kan jy verskoning vra? Watter een is ***nie*** korrek ***nie***?**	(a) Sê: "Ek is jammer."	(b) Skryf 'n brief om te sê jy is jammer.	(c) Koop vir die persoon 'n sjokolade.	(d) Ignoreer die persoon tot hy/sy nie meer vir jou kwaad is nie.

Voorbeeld